



In support of Missionaries all over Africa.  
Helping God's servants doing God's work.

## NUUSBRIEF 3: 2014

Gegroet Liewe Leser  
Vrinne .....

2014 lê op sy rug... Die winkels begin al vere regskud vir Kersfees en die winste wat daarmee gaan. Ons was geseënd in elkeen van die Uitreike wat plaasgevind het deur die jaar. Nuusbrieff 2 het daarvoor berig. [Indien u nie Nuusbrieff 2 ontvang het, nie, kontak ons gerus by [info@outreach2africa.co.za](mailto:info@outreach2africa.co.za) of [ngkpo@telkomsa.net](mailto:ngkpo@telkomsa.net), vir 'n e-pos kopie daarvan].

Hoewel naby end van die jaar: "Nog is dat het einde niet" daar lê nog Uitreike voor en alleen kán ek dit nie uitvoer nie.

### **RICHTERSVELDT: 3 - 12 Oktober 2014**

Die eerskomende Uitreik na die Richtersveldt-gemeenskappe is bedoel om 'n Gesinsuitreik vir die Gemeentes te wees. Dit is ook die ideale platform om Kinderhuiskinders die geleentheid te gee om dié deel van ons land te sien EN om betrokke te raak by en 'n liefde/hart vir Uitreik te kweek. Om dit te laat gebeur het ons u elkeen se deelname nodig. Deur saam te bid, dalk 'n kind of meer te borg, of andersins bydraes te maak. Al het die brandstofprys nou effe geval is dit steeds bykans 3000 Km per voertuig vir die heen en weer.

Ons is geseënd met 'n jeuggroep wat wil deelneem aan hierdie uitreik. Agt (8) Teologie- en ander studente van TUKS; ten minste vier (4) kinders uit ons plaaslike Kinderhuis en jeuglede van naburige gemeentes. Maar soos dit nou maar is, Studente trek altyd noustrop. Die Kinderhuiskinders het dit beslis ook nie breed nie en ek as pensioenaris moet ook my rieme dun sny. Daarom dan kom ons met hierdie versoek vir bystand, asseblief. Bystand met die noodsaaklike fondse om die kinders nie teleur te stel nie asook die geleentheid om die Here te dien, van hulle te ontnem nie.

Ook het ons volwassenes nodig om saam te gaan om 'n ogie oor die kinders te hou, maar ook om deel te neem aan die Uitreike na die afgeleë veeposte en besoeke aan Bejaardes. En natuurlik, ons benodig die vervoer om die span daar te kry, en terug. Die idiaal is bussies [kombi] en stasiewa, dit is nie nodig vir 4x4 voertuie nie, hoewel die uitreike na Veeposte 'n hoë voertuig sal verg.

Die Jeugleier wat met ons hande vat vir hierdie uitreik is Ian Stanton, 'n 4de jaar Teologie-student en Jeugwerker van Waverley Oos Gemeente. Hy sit ook nie stil nie .. hy pos die volgende boodskap op FaceBook: [Ian Stanton skryf:](#)

*KAN EK GOU ASB JUL AANDIG KRY...Goeie môre aan almal... Ek is betrokke by die reël van 'n amazing uitreik na die Richtersveld om 'n hele dorp naamlik Sanddrift te gaan bedien met God se Woord. Dit behels 'n vakansieprogram, met kids games en nog vet pret lekker aktiwiteite wat ons gebruik om hierdie jeug te nader en net bietjie meer van God se Koninkryk vir hulle te wys en gee.*

*Die groep jongmense wat saam op hierdie uitreik gaan om die kids daar te bedien is almal vanuit die Moot, Danville, kinderhuise en studente en sal finansieel self nie ten volle kan bydrae tot die uitreik nie, DAAROM kom vra ek dat as 'n 120 mense elk 'n R100 kan gee dan sal ek genoeg geld hê om 'n span van 8 mense saam te kan neem. Hierdie gelde dek letterlik dan alles vir die uitreik.*

*Indien jul meer wil weer inbox my asseblief of as jy graag wil bydra dan kan jul my ook inbox en ek sal al die detail gee. Dankie so lank vir almal wat 'n bydrae wil maak, al is dit net om te bid vir die uitreik. Dankie en Blessings, IAN.*

Ons weet baie mense sukkel self om kop bo water te hou in hierdie tye, maar daar is mense wat nog minder as ons het. En nog erger, hulle ken nie die Redder en Gewer van alle goeie gawe nie...



### **Ons hulpversoek dus:**

Bid saam asseblief, en elke bydrae sal oneindig waardeur word, want daarsonder kan ons die uitreik nie uitvoer nie. In die Richtersveldt dorpie, veral Sanddrift, is groot afvalligheid onder die jeug. Ons kan nie hierdie grootse Opdrag van Onse Here ignoreer nie. Die Kinders van die Richtersveldt dorpie het die **Boodskap** nodig. Baie nodig.

### **Bank besonderhede vir bydraes is:**

Rekening Naam: **OutreachAfrica**. Bank: **Standard Bank**. Tak: **Castle Walk**. Takkode: **014645**. Rekeningnommer: **415214742**; Tipe rekening: **Spaar** en sal u ASSEMBLIEF die kennisgewing laat stuur na: [Outreach2Africa@gmail.com](mailto:Outreach2Africa@gmail.com). Vir enige navrae kan u my gerus skakel by: 011 395 2051 of per sel: 082 699 3055 en 082 463 3114.



**Links:** Ian aan't spele met die kindertjies van Pella & kinders met Lofprysing/Praise & Worship. Iets wat Sanddrift kinders gladnie ken nie .. ons wil hulle gaan bewus maak. **Regs:** Verlede jaar het die groep die kinders van Sanddrift bederf met grimering en man en muis het kom toestaan.

### **KERSBOOM VIR WESIES: 29 November 2014**

Daar in die middel van nêrens, op Rietfontein, tussen Ellisras en Groblerbrug is 'n Weeshuis vir Vigs Wesies wat bitter min steun of andersins aandag kry. Ons wil hande vat met 4x4-Groepe en Koedoesrand Gemeente om vir hierdie weeshuis 'n "Kersboomfunksie" te gaan aanbied. Daar is 120 Vigs Wesies in Rietfonteinkinderhuis, ouderdomme wissel van 4 tot 16. Ons sal hulle graag wil bederf met 'n geleentheid wat hulle altyd sal bybly. Die aand sluit ons af met die Jesus-film vir Kinders.

Ons vra vrywilligers om saam te kom en deel te hê aan hierdie spesiale dag. Verblyf sal gereël word vir Vrydag en Saterdag aand/nag en sal u niks kos, nie. Ons kan groepe vorm en saam ry. Geskenkies, soos veral kinderskoene / tekkies en bord-speletjies sal baie verwelkom word.

### **BIBLES 4 CHRISTMAS / BYBELS vier KERSFEES: 13 – 21 Desember 2014**

*Dink jou in .. Dis Sondagmôre, die hele gemeente het vandag kerk toe gekom. Die sendelingdominee kyk so na sy kudde. Die kinders sit hier heel voor styff teen mekaar aangedruk, oë vol afwagting op hom. Die ouer madalas het stoeltjies. Die res staan of sit op die warm Savuti sand, party het darem 'n kussing of opvoukomborsie saamgebring. Die skaduwee onder die eeu oue Kameeldoringboom skuif aan en die groepie skuif saam met die skadu, skuiling teen die Kalahari son. Almal gereed vir die Woord wat hy vandag gaan bring. Vandag se teks kom uit 1 Konings 19. 'n Boodskap oor tou opgooi. Moed verloor . En wen in Christus.*

*Ons lees saam. 5 Groepies bondel saam, elkeen ewe ywerig om te volg wat hy lees. In twee van die groepies is daar so effe 'n gestoei oor wie die Bybel mag vashou. Dominee kug en kyk hulle oor sy bril... die kawolt bedaar. Hy sug, voel soos Elia vanmore. Dieselfde Elia van Konings 19. Hy wil ook gaan lê. Tou opgooi. Wens hy was liewer dood. Vyf (5) Bybels in 'n gemeente van 100 of meer gesinne ++ .. Vyf Bybels wat moet beurt maak om 100 gesinne te bereik ... en daar is nog 'n paar honderd gesinne wat hy nog moet bereik. Sonder Bybels? Hy sug .. gaan voort met lees.*

En dit hinder my ..... Ken jy dalk iemand wat 'n Bybel of 10 kan bydra? Ek sal dit vir hulle wat nie het nie neem. Help my net met die brandstof en genoeg Bybels, dan ry ek met graagte – Seronga, Shakawe, Sepupa, Xade, Xanagas – waar ookal daar BybelNood is. 'n Tswana Bybel kos R60 by Bybelgenootskap. Ons beoog om 13 - 21 Desember 2014 Botswana toe te gaan en ons bid vir 1,000 Tswana Bybels om te gaan aflewer. [As 500 persone elk net twee Bybels bydra dan is die sleepwa vol en kan ons gaan.].

**Our dream for Botswana...  
1,000 Bibles 4 Christmas (B4C)**



**In 2011 we were able to donate  
500 Bibles to Botswana**



**In 2012 we were blessed to  
donate 740 Bibles 4 Christmas**



**Team 2012 included: Michael 14;  
Derick 22, Eric 72, Mac 61**

